# 20 September 2026

## Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

***Voorskool:* Tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.**

### Groei-goggas: Groen vir groei. God antwoord altyd as ek bid

Hoe antwoord God ons as ons bid? Sondag gaan ons praat oor drie moontlike antwoorde wat ons van die Here kan kry naamlik, **Ja, Nee en Wag**. Die kleuters gaan met die verkeerslig se drie kleure iets begin verstaan oor hoe die Here gebed beantwoord.

Hulle leer ook 'n nuwe liedjie:

*As ek bid sê God somtyds vir my "Ja"*
*As ek bid sê God somtyds vir my "Wag"*
*As ek bid sê God somtyds vir my "Nee"*
*1 Tessalonisense 5:17 "**Bid gedurig**"*

**Kategeet: Rona van Zyl (082 339 1362)**

***Graad 1-6:* Tydens die erediens in die kerksaal.**

### My blink ID: Labels" Ek is vrug!

Eers het mense klere herken as die skepping van die plaaslike kleremaker. Later, toe die fabrieke tot stand kom, word klere meer eenvormig en wie dit gemaak het, beland op 'n label aan die binnekant en dui die skepper so aan. Vandag in die klerebedryf is die name van die bekende kleremakers natuurlik op 'n label aan die buitekant van die klere. So kan jy dadelik sien dat iemand 'n kledingstuk van Nike of Puma dra.

In Galasiërs 5 vers 25 staan dat ons deur die Gees lewe, en dat ons nou die Gees moet toelaat om ons gedrag te bepaal. Ons word nuut geskep deur die Here, ons label wat aandui dat ons Christene is, sit nie iewers aan ons vas nie, dit is ons lewe. Ons praat oor wat dit beteken om v**rugte te dra** en hoe dit anders is as om 'n "label" te dra.

Johannes 15:16 "***Julle het my nie uitgekies nie, maar ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou***".

**Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)**

## Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisante kom elke Sondag na die erediens in die **konferensiekamer**, in die kerksaal byeen, behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband.

**Kategete: Gideon Muller (083 236 9869) / Ds Willem Sauer (071 674 1675)**